



“Notule 1 Sept 2015”

Nuus Brief – Schoonspruit AJV

Jaargang 7 Uitgawe 1
Sept 2015.

Voorsitter : Jaco Gouws - Sel nr. 0833974277
Ondervoorsitter : Faan Janse van Rensburg - Sel nr. 0833821571
Sekretaresse : Laetitia Gouws - Sel nr. 0829580860
Penningmeester
+ Snr. Burger
Sameroeper : Daan Jacobs - Sel nr. 0824669668
Redaksie : Johann Gouws - Sel nr. 0824173583
Statistiek : Eliza Janse van Rensburg - Sel nr.

NOTULE -

01 September 2015 17H30
Irvine str. 52 La Hoff Klerksdorp

1. OPENING VERWELKOMING

Voorsitter open die vergadering met gebed, verwelkom elkeen wat die vergadering bywoon en verduidelik die omstandighede wat daartoe gelei het dat die kamp afgestel is en die vergadering later plaasvind as beplan.

Lede Teenwoordig:

Soos per presensielys.

2. MOSIES

Lief :

- a) Ruben, Nadine, en Rudolf Gouws het Noordwes kleure in landloop verwerf en gaan die 12 de September aan die SA kampionsskappe te Middelburg deelneem.
- b) Faan en Eliza se dogter trou
- c) Harry en Nita word oupa en ouma van hulle eerste kleinkind in Australie.

Leed:

- a) Dit gaan nie goed met Sylvia Jacobs se gesondheid nie en sy is steeds in ICU.
- b) Jaco en Johann se ma en oudste broer is op 15 Augustus in die Oos Kaap aangeval en vermoor – ons innige meegevoel.

3. GOEDKEURING VAN NOTULE

Notule van die vorige Jaarvergadering word geles deur Laetitia (Sekretaresse).
- Faan v Rensburg stel voor , Johann Gouws sekondeer – notule aanvaar as korrek.

4. NUWE SAKE

Geen nuwe sake word bygevoeg.

5. JAARPROGRAM

Die voorlopige lys met kampe word voorgelê en so aanvaar.
Die voorsitter verduidelik dat a.g.v getalle wat oral afneem, daar besluit is om volgende jaar meer as een streek te laat saam kamp.

6. VOORSITTERSVERSLAG

Voorsitter lees sy verslag waarin die jaar (2014) se doen en late saamgevat is.

7. FINANSIES

Voorsitter lewer verslag oor die finansies.

- a)Kollekte geld moet nog oorbetal word aan Goudrif streek wat dit vanjaar hanteer.
- b)Daar sal gereël word dat die nuwe penningmeester tekenregte van die bankrekening kry .

8. VERKIESING

Voorsitter lees die nominasies soos ontvang vir die onderskeie ampte en dit word so goedgekeur. Slegs een nominasie per amp is ingedien en daarom is daar nie oorgegaan tot stemming nie.

- Voorsitter :** Jaco Gouws
- Ondervoorsitter :** Faan Janse van Rensburg
- Sekretaresse :** Laetitia Gouws
- Penningmeester**
+ Snr. Burger
- Sameroeper :** Herman(harry) van Heerden
- Redaksie :** Johann Gouws
- Statistiek :** Mouton Pretorius



Streek Bestuur Lede

9. SPREEKBEURT

Harry van Heerden sal `n nuusbrieff saamstel van vorige kampe (Presidente »).

10. TOEKENNINGS

- a)Daar is geen toekennings gedoen nie.
- b)Faan Janse van Rensburg sal die statistieke opdateer.

c)Streke Schoonspruit/Goudrif met beste % bywooning gedurende Presidente 2015.



Beste % bywooning te Presidente

11. AFSLUITING

Voorsitter sluit die vergadering af met gebed. Vergadering verdaag om 18h40. Ons word daarna almal getrakteer met lekker gebraaide boerewors broodjies.